

Graan SA Oggend Mark Kommentaar

Wessel Lemmer en Luzelle Botha

GRAAN SA	DATUM	DATUM		+ - WEEK GELEDE		+ - MAAND GELEDE		+ - JAAR GELEDE	
	2014/07/25	2014/07/24		2014/07/15		2014/06/24		2013/07/23	
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%
DJIA-indeks	17084	-2.83	0.0%	17087	0%	17061	2%	16818	10%
Goud (Spot)	1291.48	0.78	0.1%	1290.70	0%	1296.53	-2%	1313.65	-4%
Brent \$/vat	107.14	-1.03	-1.0%	108.17	0%	107.02	-6%	114.23	-1%
1 €: ? US\$	1.3467	-0.001	-0.1%	1.3476	-1%	1.3562	-1%	1.3601	2%
1 US\$: ? ZAR	10.53	0.050	0.5%	10.48	-2%	10.72	-1%	10.65	7%
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 1 500.65	-1	-0.1%	R 1 501.78					
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 4 661.31	-7	-0.1%	R 4 668.06					
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 2 065.14	-4	-0.2%	R 2 068.81					
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)									
Corn Sep 14	362.00	-2.00	-0.5%	364.00	-3%	374.00	-17%	436.75	-30%
Corn Dec 14	369.75	-2.50	-0.7%	372.25	-3%	381.75	-16%	440.75	-28%
Soybean Aug 14	1204.75	-7.50	-0.6%	1212.25	2%	1180.50	-11%	1357.75	-4%
Soybean Nov 14	1084.00	-2.25	-0.2%	1086.25	0%	1086.25	-11%	1224.50	-11%
Wheat Sep 14	533.75	-3.50	-0.7%	537.25	-1%	537.75	-8%	580.75	-22%
Wheat Dec 14	554.75	-6.00	-1.1%	560.75	-1%	561.00	-8%	602.50	-21%
Jongste MTM-pryse (Aangeteken tussen 07:00 vm - 08:00 vm op die jongste twee datums) SPOT = naaste kontrakmaand									
SORGHUM Jul 14	2450	-30	-1.2%	2480	2%	2400	-1%	2480	-20%
WMAZ SPOT	1712	14	0.8%	1698	3%	1660	-6%	1816	-20%
WMAZ Dec 14	1795	17	1.0%	1778	3%	1738	-6%	1915	-24%
YMAZ SPOT	1787	5	0.3%	1782	4%	1726	-8%	1936	-15%
YMAZ Dec 14	1873	13	0.7%	1860	3%	1818	-8%	2027	-16%
SOY50 SPOT	4957	100	2.1%	4857	1%	4930	-12%	5656	-4%
SOY50 Dec 14	5125	130	2.6%	4995	1%	5081	-11%	5779	NA
SUN SPOT	4450	50	1.1%	4400	-2%	4540	-5%	4665	-14%
SUN Dec 14	4616	31	0.7%	4585	-3%	4740	-6%	4900	-11%
WHEAT Spot 14	3628	28	0.8%	3600	-2%	3688	-3%	3733	5%
WHEAT Dec 14	3549	50	1.4%	3499	1%	3531	-2%	3612	6%

MARK TOESTANDE VOLGENS DIE JONGSTE MARKVERSLAE EN GRAAN SA INLIGTING

Buitemarkfaktore: Die Rand het sedert 12:00 gistermiddag nadat die JSE mark gesluit het met 0,5% vanaf 10.48 tot 10.53 verswak. Safexpryse het plaaslik die hoër internasionale kommoditeitspryse nagevolg. CBOT mielieprys het egter oornag weer teenoor die vorige dag se prysstyging met 0,5% gedaal. CBOT sojaboonpryse het met 0,6% gedaal en koring het met 0,7% gedaal. Gevolglik bring dit mee dat pariteitsprysvlakke vir mielies 'n rand laer kan wees, sojabone R7 laer en koringpryse R4 laer.

Mielies: Volgens SAGIS stem die plaaslike produsentelewerings van mielies (Mei en Junie 2013.) met 'n klein verskil van 21 007 ton ooreen met nagenoeg 6,9 miljoen ton lewerings tot datum. Die mielieverbruik vir Mei en Junie is ongeveer dieselfde teen 1,6 miljoen ton. Die heelmelie uitvoere deur Suid-Afrika se hawens beloop 119 000 ton teenoor 100 000 ton die vorige jaar terwyl uitvoere deur hawens vanjaar 208 000 ton beloop teenoor die vorige jaar se 449 000 ton. Die heelmelieuitvoertempo is 54% laer as die vorige jaar. Ten spyte van die uitvoertempo wat 54% laer is, was binnelandse voorraadvlakke teen einde Junie steeds 10% laer wat teoreties beter prysondersteuning moet bied. Die binnelandse voorraadvlakke beloop 5,5 miljoen ton teenoor verlede jaar se 6,1 miljoen ton. Die voorraadvlakke vir geel is meer knap (14% laer) as verlede jaar en vergelyk op 49 000 ton na met die voorraadvlakke vir witmielies teenoor verlede jaar se geelmielievoorrade wat nagenoeg 300 000 ton meer was. Dit verklaar die huidige premie vir geelmielies bo witmielies.

Koring: Nota: Die moontlikheid van 'n R SA koringinvoertarief het vergroot met VAB-Golfpryse wat onder \$294/ton begin verhandel.

Oliesade: Sojabone: Volgens SAGIS is die lewerings vanaf plase (Mrt/Apr/Mei/Jun) 21% hoër tot 877 000 ton gemeet teenoor dieselfde tydperk verlede jaar. Ten spyte hiervan is byna 94 000 ton sojabone ingevoer wat die totale sojaboonaanbod (970 000 ton) met 34% teenoor dieselfde tydperk verlede jaar, verhoog. Let daarop dat die verwerking van sojabone vir olie en oliekoek 58% hoër is as verlede jaar en beloop 270 000 ton vir die eerste vier maande van die jaar. Indien hierdie perstempo gehandhaaf sou kon word beteken dit dat 810 000 ton sojabone oor die twaalf maande tydperk gepers sou kan word. Dit is ongeveer die ekwivalent van 616 000 ton sojaboon oliekoek. Die onaangewende sojaboonvoorraad is 30% hoër as verlede jaar einde Junie en beloop 712 000 ton. Indien die huidige perstempo gehandhaaf word het die land vir die oorblywende 8 maande voldoende hoeveelheid sojabone. Markdeelnemers meld egter dat plaaslike oliekoekvoorraad deur groot afslagte beskikbaar gestel word om die opname daarvan te bevorder en te verhoed dat onverkoopte voorrade opbou. **Sonneblomsaad:** Die produsentelewerings vir sonneblomsaad is teen 754 000 ton 50% meer as verlede jaar se lewerings tot einde Junie. (Mrt - Jun). Ten spyte hiervan is 28 804 ton sonneblomsaad ingevoer wat die beskikbaarheid met 55% verhoog. Vir die eerste vier maande het persers 239 000 ton sonneblomsaad gepers wat 'n verhoging van 23% teenoor die vorige jaar is. As die perstempo gehandhaaf word kan Suid-Afrika vanjaar 717 000 ton sonneblomsaad pers. Die onaangewende voorraad sonneblomsaad beloop 590 000 ton wat daarop dui dat die sonneblomsaad voorrade teen die huidige verbruiksyfers voldoende is. Die opname van sojaboon oliekoek is baie belangrik vir die sukses van die plaaslike sojaboonpersbedryf.

Bronne: Graan SA, SAGIS, OANDA, Fin24, JSE and CME

Let asb die volgende:

Internasionale markverslae:

USDA Crop Progress: Ma 28 Julie 2014

Plaaslike markverslae:

SAGIS Maandelikse Bulletin: Do 24 Julie 2014

Vir meer inligting kontak: Wessel Lemmer by wessel@grainsa.co.za